

Verstaan risiko voor jy op dié belastingwa klim

Nico van
Gijsen



Raad met jou rande

Nico van Gijsen

Ek kyk vandag na wat bekend staan as art. 12J-beleggings ná vrae van lesers hieroor.

Artikel 12J verwys na die artikel in die Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962) wat 'n belastingaf-trekking toelaat van die bedrag (tot R2,5 miljoen in 'n belastingjaar as die wet soos verwag gewysig gaan word) wat jy belê in 'n goedgekeurde waagkapitaalmaatskappy (VCC of *Venture Capital Company*).

Maar nou sien ek hoe mense op die belastingwa spring (met bemarkingsgedrewe beloftes oor opbrengste om mense se algemene gierigheid verder te stimuleer) sonder dat hulle die risiko hiervan verstaan. En die tragiese vir my is, net soos ons al in die verlede keer op keer gesien het, dit is baie keer ouer mense, juis dié wat nie te veel beleggingsrisiko moet neem nie, wat nie altyd mooi dink voor hulle doen nie.

Die toegelate aftrekking is bedoel as 'n belastingaanspooring vir individue, trusts en maatskappye om só kleinsakebedrywighede te help finansier. Dit is in 2008 in wetgewing ingebring om kleinsa-

keondernemings te help wat weens groter of hoë risiko nie normaalweg in die mark finansiering sou kry nie. Vandaar die term waagkapitaal.

Die voordeel vir 'n belegger in so 'n waagkapitaalmaatskappy is dat die volle bedrag per jaar aftrekbaar is vir inkomstebelasting. Op dié manier verminder jy jou inkomstebelasting in daardie jaar, want jy betaal mos nou belasting op 'n verminderde bedrag. Maar hier is 'n paar werklikhede wat jy in gedagte moet hou voordat jy jou swaar verdiende geldjies waag.

■ Daar is geen waarborge nie. Dit word nie verniet waagkapitaal genoem nie. Ek sien een so 'n maatskappy praat van 'n opbrengs van meer as 17% per jaar. Baie mense sal dit sien (ek weet uit ervaring) as 'n belofte en sommiges selfs 'n waarborg. Dit is nie, dis bloot 'n teiken.

■ Jy moet jou geld vir minstens vyf jaar daar belê, anders moet jy die belastingvrystelling terugbetaal.

■ Jy gaan steeds kapitaalwinstbelasting betaal wanneer jy jou aandele verkoop (maksimum 18% vir 'n individu en 36% vir 'n trust). Dis nou te sê as jy 'n koper kan vind. Dit is nie so maklik soos byvoorbeeld met 'n effektrustfonds waar jy net hoef kennis te gee om te verkoop nie.

■ Dividende wat betaalbaar is aan jou is belasbaar (20%) soos in alle ander gevalle.

■ Ek sien 'n groot risiko vir

finansiële raadgewers wat hul kliënte se geld hierin belê as ons na die wetlike vereiste van “toepaslike raad” kyk.

As belasting jou probleem is, maak eers seker jy put al jou ander besparingsbronne uit, soos om in 'n uittreeannuïteit (UA) te belê waar jy 27,5% van jou inkomste (tot R350 000) per jaar kan aftrek. Die groei in die UA is eweneens vrygestel van belasting. En dan het jy boonop 'n veilige belegging teen skuldeisers.

Of 'n belastingvrye belegging (tot R33 000 per jaar) waar alle groei belastingvry is.

Hier is my drie basiese “beleggings-moenies” vir diegene wat ernstig is oor hul geldsake.

■ Moenie dat die belastingstert die beleggingshond swaai nie. Jan Taks is lui, nie onnosel nie.

■ Moenie jou laat mislei deur vanjaar se wenner-fondse nie. Dis verby; jy belê nie vir gister nie, jy belê vir die toekoms

■ Moenie as jou fonds gedaal het jou geld sommer onttrek nie (veral nie om in laas jaar se wennerfonds te belê nie). Dis die vinigste manier om jouself arm te spaar.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen**